higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

**NKR VLAK 3**

(4101053)

**1 Desember 2020 (Y-vraestel)**
**13:00–15:30**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en vier addendums van 6 bladsye.**

.

134Q2N2001

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2½ UUR**
**PUNTE: 100**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

   ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | VERSLAG | [50] |
   | AFDELING B: | VERGADERINGS | [30] |
   | AFDELING C: | FUNKSIONELE SKRYFWERK | [20] |

2. Beantwoord EEN van die DRIE vrae in AFDELING A.
   Beantwoord EEN van die TWEE vrae in AFDELING B.
   Beantwoord EEN van die DRIE vrae in AFDELING C.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Die beplanning moet voor die skryfstuk verskyn. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

7. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n nuwe bladsy.

8. Die volgende vrae moet op die ADDENDA beantwoord word. VRAAG 1 op ADDENDUM A; VRAAG 5 op ADDENDUM B; VRAAG 6 op ADDENDUM C en VRAAG 8 op ADDENDUM D. Maak seker dat jy jou EKSAMENNOMMER op al die ADDENDA neerskryf en dat jy die ADDENDA saam met die ANTWOORDEBOEK inlewer.

9. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

10. Beplan jou tyd.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

## AFDELING A: VERSLAG

Kies EEN van die DRIE vrae uit AFDELING A en skryf 150 tot 250 woorde daaroor.

### VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

**SITUASIE**

Die vlak 3-studente was verantwoordelik vir die organisering van die jaarlikse kunsuitstalling en prysuitdeling. Studente is in groepe verdeel om verskillende take te verrig. Jy en jou groep was verantwoordelik vir die dekor op die verhoog en die versiering van die saal.

Julle het julle beplanning gedoen en besluit om die agterste muur van die verhoog met panele toe te maak en die studente se kunswerke daarop uit te stal. Julle moes die houtkonstruksie bou en dan hoë lere gebruik om dit op te rig.

Een van die studente in julle groep het te ver oorgeleun, sy balans verloor en van die hoogste sport van die leer afgeval. Die studenteleier het seker gemaak dat die student asemhaal en vasgestel watter beserings die student opgedoen het. Die student se linkerskouer, linkerarm en linkerbeen het beslis baie seer gekry. Die leier het Netcare 911 onmiddellik geskakel en by die student gebly om hom gemaklik en rustig te hou. Toe die mediese personeel aankom, het hulle dadelik gehelp en bevestig dat die student baie seergekry het.

Een van die student se vriende het Kampussekuriteit dadelik geskakel. Die vriend het die student se ouers geskakel en volledige inligting oor die ongeluk gegee. Die Kampushoof is ook van die ongeluk in kennis gestel.

Die Kampushoof het jou gevra om 'n verslag oor die ongeluk te skryf. Die student is vir verdere ondersoek en X-strale in die hospitaal opgeneem. Die student sal 'n paar operasies moet ondergaan en sal vir ten minste agt weke in gips en in 'n rolstoel wees.

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM A om die ONGELUKSVERSLAG (150–250 woorde) te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM A in te vul die ADDENDUM saam met die ANTWOORDEBOEK in te lewer.. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG**

**SITUASIE**

Die studenteraad het besluit om in hierdie jaar uit te reik na armer gemeenskappe in die kollege se omgewing deur op skole in die gemeenskap te fokus. Studente gaan betrokke raak by die verf van klaskamers, regmaak van skoolmeubels, opknapping van die badkamers en die afrigting van sport. Die projek staan bekend as, *Maak 'n verskil*. Die studente is baie opgewonde om by hierdie projek betrokke te raak.

Jy is tot voorsitter van die beplanningskomitee verkies en moet gereeld aan die kampushoof terugvoer gee oor die vordering van die projek.

Jy deel al die belangstellendes in groepe en reël by watter deel van die projek elke groep betrokke sal wees. Die verskillende groepe moes vergader en hulle beplanning en voorstelle voor of op 10 Februarie 2020 by die beplanningskomitee indien. Die projek moet op 16 Junie 2020 (Jeugdag) by Laerskool Wen Saam aangebied word.

Die studenteraad wil graag op daardie dag die ouers, leerders en onderwysers op 'n toer deur die skool neem. Hulle wil die toer kombineer met 'n sportdag waar die leerders dit wat hulle op die sportveld geleer het, kan wys. Hierdie is ook 'n uitstekende bemarkingsgeleentheid, maar die strooibiljet wat uitgedeel gaan word om die skool en kollege te bemark, is nog nie gereed nie. Die uitnodigings aan die ouers, leerders en onderwysers is reeds goedgekeur, maar moet nog na die drukkers gestuur word. Die strooibiljette sal oor drie weke gereed wees sodra proeflees daarvan afgehandel is en die uitnodigings sal binne 'n week gereed wees. Studente van die verskillende groepe reël die toere, bepaal die inligting wat gedeel gaan word en hoe die bekendstelling gaan plaasvind.

Die plaaslike koerant en SABC 2 sal volledig verslag doen. Plaaslike instansies gaan ook stalletjies hê om fondse vir die skool in te samel. Jy het reeds met die skoolhoof gereël om die dag om 08:00 amptelik te open. Die eregaste sal deur die studenteraad ontvang en vergesel word. Al die studente het reeds hulle pligte vir die dag ontvang.

**OPDRAG**

Skryf 'n vorderingsverslag (150–250 woorde) aan die kampushoof. Die volgende OPSKRIFTE en INLIGTING moet ingesluit word:

- 'n inleidende paragraaf oor die agtergrond soos die datum, tyd en plek van die bekendstellingstoer;
- die doel van die verslag;
- die take wat reeds voltooi is en wie vir daardie take verantwoordelik was;
- die take waarmee die studente tans besig is;
- die take wat nog aandag moet geniet en
- 'n slotparagraaf waarin jy die vordering evalueer.
- Onthou om die verslag van 'n gepaste OPSKRIF te voorsien. **[50]**

**OF**

## VRAAG 3: ONDERSOEKVERSLAG

## SITUASIE

Die studente kla oor die kwaliteit van die rekenaars in die rekenaarsentrum, die anti-virusprogramme wat verouderd is, en die duur drukkoste wat studente moet betaal as hulle op kampus projekte en take moet druk.

Die kollegeraad versoek die studenteraad om ondersoek in te stel deur onderhoude te voer met studente wat hierdie dienste gebruik, en vraelyste aan studente wat nie meer van die rekenaardienste gebruik maak nie, uit te deel.

Die doel van die ondersoek is om vas te stel wat die werklike probleem is en om aksieplanne in te stel om die dienste te verbeter en aan meer studente die geleentheid te bied om hierdie dienste te gebruik. Positiewe bemaking moet studente aanspoor en hulle entoesiasties maak oor hierdie dienste.

Jy is die sekretaris van hierdie ondersoekkomitee en moet namens die komitee aan die Kollegeraad verslag lewer.

Jy het vraelyste aan alle jaargroepe uitgedeel om in te vul en binne 10 dae in te handig. Jy het persoonlike onderhoude met 'n groep van vier studente in elke jaargroep gevoer om uit te vind hoe die Kollege 'n beter diens kan lewer.

Jy het die volgende algemene terugvoer van studente en uit die vraelyste ontvang: verouderde rekenaarprogramme, anti-virusprogramme wat nie bygewerk word nie, internetkoste, te min rekenaars vir die behoefte, beperkte ure vir die gebruik van die rekenaars, geen na-ure dienste nie, duur drukkoste van take en projekte en die feti dat daar geen kleurdrukkers beskikbaar nie.

Persoonlike onderhoude met studente wat gekla het dui daarop dat die behoeftes van vak tot vak verskil, dat die ure beperk is, dat die drukkoste te hoog is en dat al meer dosente meer drukwerk en tikwerk vereis.

Die voorstel is dat rekenaars en rekenaarprogramme sowel as anti-virusprogramme elke drie maande bygewerk moet word. Ure vir die gebruik van die sentrum moet verleng word en drukkoste moet gesubsidieer word. Bemarking om studente oor die verbeterde sentrum in te lig, moet gedoen word.

**OPDRAG**

Skryf 'n ondersoekverslag (150–250 woorde) aan die kollegeraad waarin jy 'n oorsig gee oor die bevindinge aangaande die opgradering van die rekenaarsentrum.

Gebruik die volgende inligting om jou verslag te voltooi:

- Gee die doel en opdrag van die ondersoek.
- Beskryf TWEE prosedures wat tydens die ondersoek gebruik is om inligting in te win.
- Gee VYF bevindings wat tydens die ondersoek gemaak is.
- Gee 'n gevolgtrekking na aanleiding van al die inligting wat ingewin is.
- Maak VIER aanbevelings aan die Kollegeraad.
- Onthou om jou verslag van 'n gepaste OPSKRIF te voorsien. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**EN**

## AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN van die TWEE vrae uit AFDELING B en skryf 120 tot 150 woorde daaroor.

## VRAAG 4: VERGADERINGS: KENNISGEWING EN AGENDA

**SITUASIE**

Die studenteraad wil graag positiewe bemarking vir die kollege doen en die verskillende studierigtings bekendstel. Die studenteraad besluit om 'n beroepsekspo by al die plaaslike hoërskole te hou.

Die doel van die beroepsekspo is om die kollege aan die leerlinge bekend te stel. Al die studierigtings gaan bekendgestel word en beroepe gaan bespreek word.

Die voorsitter van die studenteraad belê 'n spesiale vergadering met al die departementshoofde, die administratiewe hoof en studenteraadslede. By hierdie vergadering gaan slegs aandag aan die beroepsekspo se beplanning gegee word. Die administratiewe personeel en dosente sal ook betrek moet word om alle navrae en moontlike inskrywings te hanteer. Die manier waarop die studierigtings bekend gestel moet word, gaan ook bespreek word. Hierdie is die drie sake wat bespreek gaan word.

Die vergadering vind op 20 Maart 2021 om 18:00 in die studenteraadskantoor plaas.

**VRAAG 4.1: KENNISGEWING**

**OPDRAG**

Skryf die kennisgewing (60–75 woorde) vir hierdie spesiale vergadering volledig uit. Gebruik die formaat soos dit aan jou onderrig is.

**GEBRUIK DIE VOLGENDE FORMAAT. VOLTOOI VOLLEDIG.**

**TSHWANE SOUTH TVET-KOLLEGE**

Industrialstraat 775
Capitol Park
Pretoria
2000

Tel: 012 919 2164 Faks: 012 919 2177 E-pos: souththt@tshwanecollege.co.za

Datum ........ (2)

Geagte ….... (2)

KENNISGEWING VAN ….... (2)

Neem asseblief kennis van ............................................................... ... ...(3 × 2 = 6)

Die rede vir die vergadering is.................................................................(2)

.........................(1)

C Jansen

C. Jansen
...........................(1) (16)

**EN**

**VRAAG 4.2: AGENDA**

**SITUASIE**

Gebruik die situasie by VRAAG 4 as agtergrond.

**OPDRAG**

Skryf die agenda van die vergadering (60–75 woorde) volledig neer. Gebruik die formaat en volgorde wat aan jou onderrig is. Skryf die agenda puntsgewys en onder die korrekte punte neer. Daar is slegs DRIE nuwe sake wat op die agenda geplaas moet word. (14)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**OF**

## VRAAG 5: NOTULE

**GEBRUIK DIE SITUASIE BY VRAAG 4 AS AGTERGROND**

**SITUASIE**

Die spesiale vergadering van die Studenteraad van Tshwane South TVET-Kollege het om op 20 Maart 2021 plaasgevind.

**OPDRAG**

Voltooi die notule (120–150 woorde) van die vergadering op ADDENDUM B. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM B in te vul en die ADDENDUM saam met die ANTWOORDEBOEK in te lewer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**EN**

## AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN van die DRIE vrae uit AFDELING C en skryf 80 tot 100 woorde daaroor.

## VRAAG 6: E-POS

**SITUASIE**

Jy is een van die studenteraadslede wat met die kollegeraad kommunikeer oor die studente se betrokkenheid by feesdae en feesgeleenthede. Die studenteraad het besluit dat al die vlak 3-studente op 16 Junie betrokke moet raak by die jeugdagvieringe by die kollege. Elke student sal geleentheid hê om sy/haar eie kultuur of tradisie aan die res van die studente bekend te stel. Die studente kan self besluit of dit in die vorm van kleredrag, dans, sang of musiekinstrumente gaan wees. Jy dink studente sal mekaar beter verstaan as hulle meet oor hul medestudente se agtergrond weet.

Jy is gevra om namens die studenteraad 'n e-pos aan die kollegeraad te stuur, waarin jy die raad oor die studenteraad se besluit inlig, die doel van die projek verduidelik, voorstelle aan die raad maak oor waar die vieringe gaan plaasvind, en die formaat daarvan verduidelik. Jy nooi ook die kollegeraad uit na die jeugdagvieringe.

**OPDRAG**

Skryf 'n e-pos (80–100 woorde) aan die voorsitter van die kollegeraad om hulle oor die Jeugdagvieringe op 16 Junie in te lig en nooi die Raad uit om die feesvieringe by te woon. Skyf die e-pos op ADDENDUM C (aangeheg). Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM C in te vul en lewer die ADDENDUM saam met die ANTWOORDEBOEK in.

Jy moet die e-posadres in die korrekte formaat skryf. Onthou om met welwillendheid af te sluit. **[20]**

**OF**

## VRAAG 7: TYDSKRIFADVERTENSIE

### SITUASIE

Die Vlak 3-studente het besluit om vir 'n kompetisie in te skryf waar 'n groep studente saam 'n advertensie vir 'n tienertydskrif moet ontwerp.

Die advertensie moet 'n positiewe boodskap aan die jongmense van Suid-Afrika oordra waarin die jongmense gemotiveer word om sosiale media op 'n positiewe en verantwoordelike manier te gebruik en om slegs positiewe boodskappe te plaas. Nadat jy en die ander Vlak 3-studente die inhoud van die advertensie bespreek het, ontwerp jy die advertensie.

Die advertensie moet 'n uitdaging aan die jongmense bied en inligting gee oor hoe hulle sosiale media positief en verantwoordelik moet gebruik.

### OPDRAG

Ontwerp 'n A4-advertensie (80–100 woorde) om die jongmense van Suid-Afrika in te lig oor hoe om sosiale media op 'n positiewe en verantwoordelike manier te gebruik.

- ✓ Hou die ABBA-beginsel in gedagte wanneer jy die advertensie ontwerp.
- ✓ Verskaf ten minste TWEE inligtingsfeite oor die gebruik van sosiale media: bv. hoe om 'n boodskap oor te dra, wat om te sê en hoe om jouself te beskerm.
- ✓ Gee minstens DRIE redes waarom dit vir jongmense nodig is om sosiale media op 'n positiewe manier te gebruik.
- ✓ Gebruik 'n gepaste slagspreuk.
- ✓ Moedig die leser met 'n kort sinnetjie aan om sosiale media positief en verantwoordelik te gebruik.
- ✓ Onthou ook om 'n hulplyn se besonderhede te gee indien jongmense nog verdere inligting sou benodig. **[20]**

**OF**

## VRAAG 8: FAKS

### SITUASIE

Jy het onlangs 'n motor by jou ouma persent gekry en wil graag met jou motor kollege toe kom. Jy is egter bekommerd oor die beperkte parkering wat op die kampus beskikbaar is, en jy is ook bekommerd oor die veiligheid van jou motor. Jy wil navraag doen oor die areas waar studente mag parkeer, of jy vir ’n parkeerpermit moet aansoek doen en wat die kostes daaraan verbonde is.

Jy wil hierdie inligting graag op skrif hê om dit vir jou ouers te wys. Jy stuur 'n faks met al jou navrae aan die hoof van kampussekuriteit.

**OPDRAG**

Skryf 'n faks (80–100 woorde) aan die hoof van kampussekuriteit van die WesColl-Kollege om inligting oor parkering op kampus te verkry. Noem dat jy bekommerd is oor die veiligheid van jou motor, doen navraag oor jou toegang tot die parkering en doen navraag oor die areas waar studente mag parkeer. Doen ook navraag oor 'n parkeerpermit en die koste daaraan verbonde.

Onthou om met welwillendheid af te sluit.

Mnr. Ernest Twala, die Hoof van Kampussekuriteit, se faksnommer is 086 007 1111.

Gebruik ADDENDUM D om die faksboodskap te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM D in te vul en die ADDENDUM saam met die ANTWOORDEBOEK in te lewer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

## AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

## VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

| ONGELUKSVERSLAG | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Naam van beseerde persoon** | | **Datum van ongeluk** | | (2) |
| **Hoedanigheid van beseerde** | | **Tyd van ongeluk** | | (2) |
| **Afdeling/ Departement** | | **Plek van ongeluk** | | (2) |
| **Beskrywing van ongeluk** | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | (23) |

**ADDENDUM A (Vervolg)**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Stappe wat na die ongeluk geneem is** | | | | (2) |
| **Resultate van mediese ondersoek** | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | (8) |
| **Naam van opsteller** | | **Pos/rang/amp van opsteller** | | (2) |
| **Handtekening van opsteller** | | **Datum** | | (2) |

**[50]**

**ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER OP DIE ADDENDUM IN TE VUL EN DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE LEWER.**

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM B**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (120–150 woorde)**

**VRAAG 5: NOTULE**

NOTULE van

..............................................................................................................................

.............................................................................................................................. (4)

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter van die Studenteraad open die vergadering en heet almal welkom.

**2. BYWONINGSREGISTER**

Al die departementshoofde, die Administratiewe hoof en Studenteraadslede woon die vergadering by.

**3. VERSKONINGS**

Dr. Tshabalala, Me. Kriel en Mnr. Vindaloo.

**4. NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**

Die notule van die vorige vergadering word as gelees aanvaar, goedgekeur en geteken.

Voorsteller: John Ramotsepe
Sekondant: Greg Palmer

**5. SAKE UIT DIE NOTULE**

| ITEM NO | | AKSIE | VERANTWOORDELIKE PERSOON |
|---|---|---|---|
| 5.1 | **Verbetering van Studenteraadskantoor** | Enige TWEE aksies | TWEE persone |

(6)

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM B (Vervolg)**

**EKSAMMENOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**6. NUWE SAKE**

| ITEM NO | ITEM | AKSIE | VERANTWOORDELIKE PERSOON | |
|---|---|---|---|---|
| **6.1** | Nuwe saak soos in vraag 4.2 | Enige aksie | EEN persoon | (4) |
| **6.2** | Nuwe saak soos in vraag 4.2 | Enige TWEE aksies | EEN persoon | (6) |
| **6.3** | Nuwe saak soos in vraag 4.2 | Enige TWEE aksies | EEN persoon | (6) |

**7. ALGEMEEN**

........................................................................................................................ (2)

**8. AFSLUITING**

........................................................................................................................ (2)

**GETEKEN:** ______________________ **DATUM:** ______________________

**VOORSITTER**

**[30]**

**ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER OP DIE ADDENDUM IN TE VUL EN DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE LEWER.**

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM C**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)**

**VRAAG 6: E-POS**

| | |
|---|---|
| AAN: | |
| ONDERWERP: | |
| BOODSKAP: | |

**[20]**

**ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER OP DIE ADDENDUM IN TE VUL EN DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE LEWER.**

## ADDENDUM D

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)**

**VRAAG 8: FAKS**

**FAKSBOODSKAP**

**Aan:** **Firma:**

**Van:** **Datum:**

**Faksnommer:** **Aantal bladsye:**

**ONDERWERP:**____________________________________________________________

**BOODSKAP:**

**[20]**

**ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER OP DIE ADDENDUM IN TE VUL EN DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE LEWER.**

Kopiereg voorbehou